SEDERT 1920

AFRIKAANS AMPTELIK 100

# STROOM OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL | UITGAWE 2 | 2025



Foto: iShootStories Powered by King Price Insurance

## WITSTOKKE PRESTEER TEEN MARITZBURG

(bl. 9)

# AFFIE-GUTS!

## RUGBYMANNE WYS HUL STAAL

(bl. 10)

Andru van Zyl

# REDAKSIONEEL

## Halfpad daar!

Ons is nou net verby die jaar se halfpadmerk en dit voel al klaar asof die einde in sig is. Die rugbyseisoen is aan sy stertkant en die krieketmanne is reeds volstoom besig met wedstrydvoorbereiding. Tyd staan werklik vir niemand stil nie.

As jy deel is van die *Stroom-op*-redaksie, is hierdie uitgawe beslis die lekkerste een om voor te skryf, want daar is sóveel verskillende dinge wat gebeur en die skool is ongelooflik besig totdat die eksamen afskop.

Dié uitgawe is die laaste een waarby die matrieks van 2025 betrokke is en spog met 'n hele paar unieke berigte – van 'n dieetplan tot 'n babaseisoen. Geniet dit!

REDAKSIE
Andru van Zyl (redakteur), Stef Pretorius (adjunkredakteur: Kultuur en Leefwyse), Adriaan Nel (adjunkredakteur: Sport), Dylan Koegelenberg (adjunkredakteur: Akademie), Zachary Boonzaaier, Heinrich Jordaan, George Henderson, Alexander Coetzer Kristensen, Christiaan Brits, James Roets, Callie Visagie, Bjorn Pendelbury, Reuben Dreyer

Foto op vooblad: Petrus Rautenbach

Dylan Koegelenberg en Andru van Zyl

# AFFIES GROET 'n oud-Affie én onderwyser




Mnr. Schalk Müller (matriek 2005) was sedert 2011 'n onderwyser by Affies, maar hy het sy alma mater einde Mei vaarwel toegeroep om sy loopbaan as adjunkhoof: Sport by Laerskool Menlopark voort te sit.

Mnr. Müller het reeds as student in 2009 begin om sportspanne by Affies af te rig en daar is oor die jare 'n hele klomp baie sterk en vernuftige rugby- en krieketspelers deur sy hande. Vandat hy in 2011 as gegradueerde by AHS aangesluit het, het hy sy plek as onderwyser in Geskiedenis en Lewensoriëntering volgestaan. Hy het ook vir vier jaar as graad 8-voog diep spore getrap. Mnr. Müller het werklik in elke Affie-leerder belanggestel en was bekend daarvoor dat hy 'n ongelooflike hoeveelheid ouens ken.

Die verbintenis wat mnr. Müller met Affies het is lánk en al verlaat hy die skool nou, is hy dalk binnekort 'n ouer hier. Hy gaan beslis op die stoepe gemis word.

# In memoriam

Mnr. Daniel Aphane is tydens die wintervakansie na 'n kort siekbed op die ouderdom van 46 oorlede. Hy was sedert Januarie 2012 as sjef by die koshuis werksaam en die koshuismanne onthou hom as 'n spontane mens wat altyd reg was met 'n grappie.



Mnr. Aphane laat sy vrou en vier kinders agter.

Dylan Koegelenberg

# MUSEUM EN MEDIA IS NOU IN 'N TYDLOSE RUIMTE OMSKEP




Die opening van die herontwerpte museum was op 8 Mei en het saamgeval met die konsert ter ere van Afrikaans se honderdste verjaarsdag as amptelike landstaal.

AHS se mediasentrum en die museum is onlangs ten vólle geïntegreer en die seuns het nou die geleentheid om letterlik binne-in die skool se historiese erfenis te leer en te werk.

Die amptelike opening van dié herontwerpte museum het op 8 Mei saamgeval met die viering van die honderdste bestaansjaar van Afrikaans as amptelike landstaal.

Die gedenkplaat is deur twee oud-Affies, mnr. André Ferreira en dr. Pierre Edwards, onthul uit erkenning vir die grondleggerswerk wat hulle ten opsigte van die bewaring van die skool se erfenis gelewer het.

Die hele proses het reeds aan die einde van 2024 afgeskop met die grootskaalse restourasie van die voorportaal en ook die aanloop tot die museum.

Volgens mnr. Dirk Taljard (projekhoof en oud-onderwyser) was 'n herontwerp van die museum nodig omdat die 2010-uitstalling 'n chronologiese gang gehad het wat beteken het dat daar uiteindelik nie plek sou wees om die patroon voort te sit nie. "Ons het daarom op 'n tematiese benadering besluit om die uitstalling tydloos te hou," sê hy. "Die nuwe uitstalling is in werklikheid 'n viering van eerstes. Ons het gefokus op die aanvangsgeskiedenis van die verskillende fasette van die skoollewe.

"Die argitek, me. Engela White, het strukturele veranderinge aangebring om elemente wat verdwyn het, te herstel. Daarom is die kantoor, wat in die laat jare sestig onder die galery ingebou is, verwyder en dit is vervang met 'n deursigtige glaskas wat nou as konferensielokaal dien. Die bankies wat oorspronklik as sitplek op die galery gedien het, is herbou om 'n tuiste vir die skaakspelers te skep. Hierdie ruimte kan egter nou ook as 'n ouditorium gebruik word", vertel mnr. Taljard.

Die uitstalling in die media is, in noue samewerking met die hoof, saamgestel deur mnr. Taljard, mee. Engela Hechter, argivaris, Estie Coetzee, redigeerder en Susan Langeveldt, grafiese ontwerper.

# Kennis uitgeruil by konferensie vir aspiranthoofde en -adjunkhoofde




Mnr. Peregrine Joynt, prof. Francis Peterson (vise-kanselier by die Universiteit van Pretoria en spreker by die kongres) en mnr. Tim Gordon (hoof uitvoerende beampte van APBSA)

Affies was in Junie die gasheerskool vir die Association of Public Boys' Schools of South Africa (APBSA) se jaarlikse kongres vir aspiranthoofde en -adjunkhoofde.

Die tema vir die kongres was "Stepping Up" en verskeie bekende sprekers het die groep van sowat sewentig onderwysers van regoor die land toegespreek om hulle beter vir die toekoms en spesifiek vir hul loopbane in die onderwys toe te rus.

Volgens mnr. Bert Rossouw (een van die vyftien Affie-personeellede wat die konferensie bygewoon het) was die aanbieding van oud-Affie-roeier Peet Botma oor sy voltooiing van "The World's Toughest Row" besonder motiverend en het hy die praatjie van mnr. Marno Boshoff, "Cultural Evangelist" by King Price ook baie waardevol gevind.




Die kongresgangers kon Affies na drie dae verlaat met heelwat raad en hope pitkos oor hoe om jou onderwysloopbaan verder te navigeer.

Adriaan Nel

# Afrikaans vier 'n eeu van woorde en wysheid

Met vlaggies wat wapper in die herfsluggie, en die geur van eg Suid-Afrikaanse lekkernye wat deur die vierkant sweef, het Affies sy deure op taaldag oopgegooi vir álmal met 'n liefde vir Afrikaans. Afrikaans, die taal van digters, dromers en denkers, het sy honderdjarige bestaansjaar gevier – 'n mylpaal nie net vir die taal nie, maar óók vir ons skool, as een van sy grootste kampvegters!

Die geleentheid is afgeskop met 'n feestelike samedromming in die vierkant, waar gaste hulself kon verlustig in lekkernye uit die geurige kosstalletjies, vrolike musiek en warm, opregte geselskap. Die atmosfeer was gelaai met nostalgie en trots – 'n gevoel van gemeenskap wat so eie is aan die Afrikaanse kultuur.

Toe die saaldeure oopmaak, is die gehoor op 'n reis deur die geskiedenis van Afrikaans geneem soos net Affies dit kan doen – met ewewig, styl en simboliek. Die verhoog is lewend gemaak met tonele uit die geskiedenis van die taal, meesterlik uitgebeeld deur prosa, gedigte en ongelooflike musiekitems. Leerders, onderwysers, oud-Affies en lede van die skool se musiekdepartement het almal saamgespan om 'n produksie aan te bied wat die hartsnare geroer het.

Hierdie funksie was meer as net 'n viering – dit was 'n bevestiging van 'n erfenis, 'n belofte aan die volgende generasie en 'n loflied vir die taal wat ons harte huisves. Lank lewe Afrikaans, lank lewe Affies. Laat daar lig wees!


Die besoekers kon voor die konsert heerlik smul aan tipies Afrikaanse geregte.


George Henderson, Lamond Baaitjies en Andru van Zyl dra Louis Leipold se *'n Handvol Gruis* voor.


Dr. Jannie le Roux (agter die klavier) het spesiaal vir die geleentheid 'n lieflike verwerking van Coenie de Villiers se Karoonag gedoen, wat aan die einde van die program deur die koor en 'n strykensemble uitgevoer is.

Stef Pretorius

# Kunsmatige Intelligensie (KI) – 'n wérklike probleem

Dis soos om koek te probeer sny terwyl jy daai 1.6 km in FLO hardloop – jy dink jy flous die meneer, maar eintlik doen jy net jouself in. Óf jy mis 'n kans om iets opreg/eerlik te doen en dalk fiks te word, óf jy hardloop nog 'n ekstra rondte as hy jou vang.

Net so probeer baie leerders vandag werklike uitdagings ontduik of systap deur na die naaste digitale kruk te gryp – kunsmatige intelligensie. En dit sou alles nog in orde gewees het as dit net 'n krúk gebly het en nie alles summier vervang het nie.

Ons het almal al die toespraak gehoor of daardie welstandsessie gehad: "KI is gevaarlik." Sedert Terminator (1984) word almal immers al gewaarsku dat tegnologie dalk die einde van die mensdom kan beteken. Maar dis nie die tegnologie self wat gevaarlik is nie – dis hóé ons dit gebruik.

Die grens tussen hulpmiddel en plaasvervanger vervaag al hoe meer.

KI ís handig – as jy dit gebruik om jou gedagtes te orden, antwoorde op te som of as klankbord vir idees. Maar daar's 'n reuse-onderskeid tussen die gebruik van KI om jou stem sterker te maak en om dié tegnologie te gebruik om namens jou te praat.

By Affies begin ons hierdie verskil al hoe duideliker raaksien. Vanjaar se Affie Artes-voorblad het 'n debat ontlok oor die rol van kuns en oorspronklikheid in 'n tyd waar beelde met een klik gegenereer kan word. Die eindresultaat? Relevant – ja. Maar is dit ég?

Nóg 'n voorbeeld: Die Van Huyssteens Redenaarskompetisie het reeds die reëls vir 2026 aangepas – geen KI-gebruik in toespraakvoorbereiding nie. Waarom? Omdat 'n opregte opinie/toespraak of 'n ware argument nie uit 'n masjien se databasis kom nie, maar uit 'n mens se persoonlike ervaring.

Selfs ons eie graad 12-Engelse toespraakonderwerpe is spesiaal só gestel dat KI dit nie maklik kan beantwoord nie – onderwerpe wat jou eie mening, ervarings en denkvermoë vereis.

Een van die meer komiese voorbeelde van KI-misbruik? 'n Graad 12-leerder se geskiedenistaak waarin elke paragraaf begin het met Chat-GPT se aanwysigings soos: "Sure! Here's your prompt," en "Let me know if you want to tweak it." Geen redigering. Geen persoonlike insig. Net "ge-copy" en "ge-paste." Jy dink dis slim? Die onderwyser dink dis 'n nul.

Dalk is dit tyd dat ons onsself eerlik afvra: Gebruik ek KI as 'n vennoot in my leerproses of het ek al so afhanklik daarvan geraak dat ek vergeet het hoe om sélf te dink?

# Groot skare daag by opedag op

'n Magdom voornemende Affies en hulle ouers het op 16 April by die skool kom kuier. Die gaste kon stalletjies van die verskillende aktiwiteite wat by AHS aangebied word besoek en ook op terreintoere gaan. Teen 16:30 het die koor voor 'n vol saal opgetree, waarna al die gaste deur mnr. Peregrine Joynt, toegespreek is.



Bjorn Pendelbury

# COMRADES – 'n dertigste keer!







Mnr. Kenny Erasmus (IT-onderwyser) het vanjaar sy staal dubbel en dwars gewys en die gevreesde Comrades-maraton vir die dertigste keer voltooi. *Stroom-op* wou by hom weet wat sy geheim was om dié ongelooflike prestasie te behaal.

**Wat het die dertigste Comrades vir meneer beteken?**

Dit was baie spesiaal om 'n doelwit wat ek baie jare gelede vir myself gestel het, te bereik. Toe ek oor die wenstreep hardloop, het ek werklik baie dankbaar en geseënd gevoel.

**Wat het u gemotiveer om sedert 1989 jaar na jaar deel te neem?**

Die uitdaging vir my was bloot om elke jaar die wedloop te voltooi en om dan die volgende 10 te doen.

**Hoe het u voorbereiding verander van 1989 tot nou?**

Dit is nou baie eenvoudiger, die klem is hoofsaaklik om dit te geniet.

**Was daar ooit 'n tyd wat u dit ernstig oorweeg het om op te hou?**

Daar wás al tye wat ek dit oorweeg het, maar ek kan nie aan iets dink wat my dieselfde genot en vervulling sal gee as hardloop nie. Niksdoen is beslis ook nie 'n opsie nie.

**Watter raad sou u aan iemand gee wat graag sy eerste Comrades sou wou hardloop?**

Die moeilikste is om die besluit te neem en dan werklik tot aksie oor te gaan. Al die nodige wenke en programme is op die Comrades se webtuiste beskikbaar en daar is ook heelwat YouTube-video's beskikbaar wat as inspirasie kan dien. Om die Comrades te hardloop is beslis die moeite werd – elke jaar bly 'n onvergeetlike en spesiale ervaring.

## ... en 'n eerste keer




Me. Stephanie Booysen het ook vanjaar háár buiging by die Comrades gemaak en het die wedloop suksesvol voltooi. Sy sê sy dink nog nie te ver vooruit nie, maar sy hoop om dié uitdaging vir ten minste nog één keer aan te pak. "Volgende jaar is die wedloop van die see se kant af na Pietermaritzburg – 'n opdraande-ervaring wat weer iets totaal anders is."

Christiaan Brits

# AFFIE-MUSIKANTE OORHEERS BY PRETORIA EISTEDDFOD



Die konsertorkes onder leiding van mnr. Floris Smith op die verhoog tydens die Eisteddfod. Op die foto regs is me. Carmi Viljoen en Christian Gous in graad 12 met die toekenning wat die strykorkes gewen het.



Ben Cilliers



Carlo le Roux



Die Pretoria Eisteddfod is vanjaar in die tweede kwartaal by AHS aangebied en die musikale Affies het op individuele vlak én in groepsverband behóórlik hul slag gewys.

Die swing-ensemble is aangewys as die beste in die Jazz/Rock-afdeling terwyl die konsertorkes die trofee in húlle afdeling ingepalm het. Die strykorkes het ook koning gekraai en een van die beoordelaars se terugvoer was dat hy regtig woordeloos was na dié uitmuntende optrede. Hierdie Affie-orkes stap uiteindelik ook weg met die toekenning as beste orkes algeheel.

Ook op individuele vlak het die manne Affie-guts gewys en báie goed presteer. In die afdeling vir hout- en koperblasers, het Affies elf trofeë gewen en in die perkussie-afdeling agt – 'n totaal van 19 kategoriewenners. Ben Cilliers (graad 11) is as die algehele wenner vir blaasinstrumente aangewys en Carlo le Roux (graad 12) was die algehele wenner in die perkussie-afdeling.

Die beoordeelaars het uiteindelik ook kommentaar gelewer oor die skool se pragtige en praktiese musiekfasiliteite – voorwaar iets om op trots te wees.

Zachary Boonzaaier

# Een klein tree vir Ben, een reuse-tree vir Affies




Ben en me. Yvonne Bredell, sy Engels onderwyser.

Ben Cilliers (graad 11) is op vele terreine 'n ambassadeur vir Affies. Tussen sy intense kooroefeninge en pligte as die konsertorkes se ondervoorsitter is hy boonop 'n taalkundige. Hy het onlangs aan die Nasionale Engels Olimpiade in die Huistaal-afdeling deelgeneem en onder die top 12 in die land geëindig. Nie sleg vir 'n ou uit 'n Afrikaanssprekende seunskool nie!

Ben moes 'n literêre opstel skryf, sowel as 'n transaksionele stuk wat gebaseer is op uittreksels van literêre werke wat aan hulle gegee is. Volgens sy onderwyser, me. Yvonne Bredell, is dit die 25ste jaar wat Affies deelneem en dit is beslis die beste wat enige Affie nog gevaar het.

Die Olimpiade het in 1976 onder leiding van dr. Malcolm Venter, die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Raad vir Engelse Onderwys ontstaan, met slegs 119 inskrywings. Deesdae neem daar meer as 5 000 leerders deel aan die Huistaal-afdeling, waarvan Ben een was.

Die Affies kan inderdaad 'n bietjie Engels praat!

# AHS verteenwoordig Suid-Afrika in *Chemie, Fisika én Biologie*


Drie graad 12's het die skool in Julie en Augustus by olimpiades in die buiteland trots gemaak. Julien du Toit was na die Verenigde Arabiese Emirate om aan die Internasionale Chemie Olimpiade (IChO) deel te neem, Nicolas Alberts na Parys in Frankryk vir die Internasionale Fisika Olimpiade (IPhO) en Andru van Zyl na Quezon City in die Fillipyne vir deelname aan die Internasionale Biologie Olimpiade (IBO). *Stroom-op* hoop om in die volgende uitgawe volledig oor dié slimkoppe se wedervaringe in die buiteland te berig.



Julien du Toit



Nicolas Alberts



Andru van Zyl

George Henderson

# Wins, wafels en *waansinnige idees!*



Dié groep se armdrukkompetisie het groot aftrek gekry. Voor is Cayleb September, Luan Kretzschmar en Lean Engelbrecht. Agter staan Damian Sibley, Michael John Bolhuis, Lewis Bolton, Trenton Smit, Leroux Fraser en Tevaugn Naudé



Entrepreneursdag is een van die hoogtepunte op 'n graad 9-leerder se kalender en vanjaar was geen uitsondering nie. Alhoewel dit eintlik deel uitmaak van die akademiese kurrikulum, het almal dit as groot pret ervaar. Nie net is pouse langer nie, maar die meisies oorkant die pad het oudergewoonte ook opgedaag om die entrepreneurs te ondersteun. Die gevoel op die B- en C-veld was soos dié van 'n outydse kermis. Die terrein was vol stalletjies wat heerlike eetgoed soos melkskommels, wafels en pizza verkoop het. Die armdrukkompetisie het veral vir groot pret gesorg. Wat die name van die stalletjies betref, was daar ook geen tekort aan kreatiwiteit nie. 'n Voorbeeld: Die Kraal se Liplekker Kraal Melkskommels?

Dié dag het beslis nie net ondernemingsgees aangemoedig nie, maar ook spanwerk en kreatiwiteit bevorder.

Christiaan Brits

# KAMPIOEN-DIGTER!



Jean Laubscher (graad 11) het aan die jaarlikse *Poort*-skryfkompetisie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns deelgeneem en het met sy gedig *Reën* as kampioen uit die stryd getree.

Toe hulle die afkondiging oor die kompetisies voor pouse op die bord sien, het Jean se vriende hom oorreed om in te skryf. Jean sê hy het vir seker nie gedink hy gaan wen nie. "Ek het gedink ek droom", sê dié sterdigter. "Ek was veral verras omdat dit die heel eerste keer is dat ek só iets doen. Mnr. Wassermann het my ook gemotiveer, waarvoor ek baie dankbaar is."

Jean sal sy toekenning in September by die Akademie se prysuitdeling in Stellenbosch ontvang.

- Affies het in 2025 'n rekordgetal inskrywings in sowel die prosa- as in die poësieafdeling gehad.

# KORTLIKS

- Xavier de Wet, Diaan Venter, Zander van Niekerk en Edrich Grobler (almal matriek) het in Maart puik presteer in die JSE Investment Challenge. Die span het hul beleggingsportefeulje met 'n merkwaardige 8,85% laat groei en het so bo-aan die ranglys geëindig.

# ***ORKESMUSIEK*** WEERKLINK IN NAMIBIË

Alexander Coetzer Kristensen

Sewe en tagtig seuns van die konsertorkes, strykorkes, kitaarorkes en swing-ensemble het op 26 Junie vroegoggend op busse geklim vir 'n toer na die land van sandduine – Namibië.

Die Affies het die eerste aand in die middel van die Kalahari by Kang Ultra Stop in Botswana oornag, waarna hul na Gobabis in Namibië vertrek het. Die orkeste het hier in verskeie kerke opgetree.

Die manne se derde stilhouplek was Walvisbaai, waar hulle in die droë woestyn op vierwielmotorfietse ("quad bikes") gery het en die wêreldbekende Duin 7 kon uitklim. Die seuns het ook op 'n vrolike én leersame bootrit gegaan – mét 'n rob en 'n pelikaan aan boord!



Die woestyn en see wat aan mekaar raak was asemrowend en definitief 'n wonderlike ervaring vir die manne.

Op pad terug het die groep die land se hoofstad, Windhoek, besoek. Hier het die orkeste by 'n kerk voor 'n baie waarderende gehoor opgetree. Laaste aan die beurt was Gobabis met optredes by 'n aftree-oord en by 'n kleuterskool waar die kleintjies meer van musiek en instrumente kon leer.

Die genot en herinneringe wat hierdie tiendaglange toer aan die seuns verskaf het, het beslis vir die lang busritte opgemaak. Die besoek aan Namibië was 'n reusesukses en 'n bewys van die unieke wyse waarop Affies en veral die musiekdepartement, voortleef.



Die 2025-matriekgroep nadat hulle Duin 7 (naby Walvisbaai) trotseer en oorwin het.



Orkeslede tydens 'n erediens by die NG Kerk Walvisbaai

# 'n *Kuiertjie* in koue Clarens

Alexander Coetzer Kristensen



Die toergroep met Clarens in die agtergrond

Die Affiekoor het vroeg in Mei per bus na die koue Vrystaat vertrek om aan die Clarens Kunstefees deel te neem.

Op pad daarheen het die Rooidasse en die A-minere 'n optrede by die NG-kerk Vier Ankers in Sasolburg ingepas. Die koor het daarna na Bethlehem gereis waar hulle in die koshuis van Hoërskool Witteberg oornag het.

Die hoogtepunt van die toer was die besoek aan die beeldskone Clarens, waar die seuns beslis 'n koue holte vir hulle voete gevind het.

Die Saterdag was pretbelaai, want die groep kon 'n paar uur by die Clarens Xtreme-pretpark deurbring. Die aand is daar by die Spur geëet en die manne het 'n informele konsert vir hul personeel gehou, wat baie spesiaal was. Daarna moes die koor natuurlik ook skouer aan die wiel sit en 'n paar uur se oefening inpas om hul vaardighede verder te slyp.

Sondagoggend was die groep by die diens van die NG-kerk betrokke, waarna hulle die naweek kon afsluit met die deelname aan die Clarens Kunstefees.

**Die Rooidasse het ook in die tweede kwartaal tydens die Pretoria Eisteddfod in die eerste plek in hul afdeling geëindig. Hulle dring ook deur na die finaal van die ATKV Applous se finale rondte wat in Augustus by Unisa plaasvind.**

# KOORKWALE

Stef Pretorius

En so was dit weer tyd om aan die ATKV-Applous se uitdunrondte deel te neem. Aanvanklik sou die koor optree op dieselfde Saterdag as wat die Grey Interskole plaasvind, maar wie wou nou al die pad Bloemfontein toe ry vir Vrydagaand se konsert, net om terug te jaag en die Witbulwedstryd te mis? Ná 'n bietjie onderhandeling kon die koor gelukkig op die Donderdag vóór die Grey-derby optree. Alles was uitgesorteer – wel, amper …

"Hoe kan 'n soldaat sonder sy geweer oorlog toe gaan?"
Dít is presies wat die koorlede hulself moes afvra toe hul begeleier, me. Gisela Scriba, nie beskikbaar was om die Donderdagaand te speel nie. Gewoonlik is hul geheime wapen, dok Jannie le Roux, dan altyd gereed om in te spring. Maar dít sou natuurlik te maklik gewees het, want hy het agtergekom hy het 'n dubbele bespreking.

Dok Jannie het Menlopark se begeleier toe gevra om "in te val", maar net totdat sy letterlik die week voor die kompetisie van 'n verhoog AFgeval het. (Vir dié wat telling hou – dit was dit die derde begeleier wat moes onttrek.)

Maar uiteindelik – met net 'n week oor – het die koor toe darem 'n nuwe begeleier, me. Chanie Jonker, vir Donderdagaand gekry. Dié bekende pianis het uiteindelik uitstekende werk as begeleier gedoen en die Rooidasse het wonder bo wonder 'n goue toekenning by die ATKV-Applous ingepalm.

Affie-guts, inderdaad!

## KORTLIKS

- Affies en Noordheuwel het op 29 Mei vir die eerste keer saam 'n koorkonsert aangebied. Die twee kore het elk hul volle repertorium uitgevoer en ook die A-minere het hul buiging by dié geleentheid gemaak. Die konsert het op 29 Mei by Noordheuwel plaasgevind.
- Die toneelgroep het in die wintervakansie reeds hard geoefen vir hul optrede by die SêNet-fees wat deur Helpmekaar Kollege aangebied is. Dit het sommer ook as slypskool gedien vir al die kompetisies wat in die laaste deel van die jaar plaasvind.

Stef Pretorius

# EN WAT SÊ DIE *HOOFMAN?*



1. As jy vir graad 8-Andru raad kon gee, wat sou jy sê?
   Ek sou vir hom die cliché-antwoord gee: Wees altyd wie jy is. Jy gaan foute maak en dis deel van die lewe. Foute kan vergewe word, valsheid is 'n ander storie.
2. Watter woorde van wysheid het jy vir vanjaar se graad 8's?
   Ek dink 'n mens moet dit eenvoudig hou: Bly goedhartig, bly nederig, bly wie jy is.
3. Wat is jou gunsteling-Affie-herinnering tot dusver?
   Dis 'n baie moeilike vraag, want daar is baie om uit te kies. As ek een moet uitsonder, sal dit verlede jaar se busrit na die Michaelmas-krieketfees wees. Dit het álles ingesluit – van geweldig ernstige toernooie wat ons met foonspeletjies gehad het, tot sneeubalgevegte in die Drakensberge.
4. Wat dink jy maak Affies so uniek?
   Ek dink nie ek kan rêrig iets uitsonder nie. Ek dink dis 'n kombinasie van die feit dat ons die laaste enkel-medium Afrikaanse seunskool is en natuurlik ook ons besonderse onderwysers.
5. Dink jy daar word genoeg gedoen vir die duiwe op die skoolgrond?
   Die duiwe? Ek dink ons doen te veel vir die duiwe. Die *Stroom-op* het al vir van hulle name gegee.
6. Wat is by 1920 jou "go-to"-bestelling?
   "Breakfast Wrap" en Coke.
7. Hoe dink jy gaan Affies oor tien jaar lyk?
   Dis baie moeilik om 'n voorspelling te maak, omdat 'n mens nie sekerheid het oor waarheen die wêreld op pad is nie. Maar ek dink nie ons hoef daaroor te twyfel dat Affies sal kan aanpas by wát ook al kom nie. Ek dink dus dat Affies oor tien jaar dalk effens anders sal lyk van buite af, maar dat dit aan die binnekant nog dieselfde sal wees.
8. Wat sal jou laat terugkeer na 'n Affie-reünie eendag?
   Ek weet nie. Ek sal definitief na ons reünies terugkeer, maar ek dink dit sal net as gevolg van 'n gevoel in my hart wees. Miskien 'n kombinasie van nuuskierigheid oor die skool en my ou klasmaats en ook die begeerte om weer vir 'n naweek iets stabiel te hê waarop ek kan trots wees.

# *Hoofleiers* besoek gedenkmuur vir gevalle soldate



Op 1 Junie is die Suid-Afrikaanse soldate wat hulle lewe tydens die vorige bedeling in die operasionele gebied in Namibië verloor het, by die Voortrekkermonument vereer. Affies is by dié kransleggingsgeleentheid verteenwoordig deur mnr. Heinrich van Jaarsveldt, dr. Pierre Edwards (voormalige hoof), Luan Potgieter, Ruben Groenewald, Andru van Zyl, Adriaan Nel, Albert Smit en mnr. Tekkies Barkhuizen (foto bo). Andru hou die houtkruis vas waarop die name van die oud-Affies wat tydens die grensoorlog gesterf het, aangebring is.

Stef Pretorius

# *BABA*SEISOEN!!

Affies se terrein is blykbaar nie die enigste plek waar nuwe ontwikkelings aan't broei is nie…

'n Volskaalse baba-epidemie het ons personeel getref en nie minder nie as ses trotse onderwysers het vanjaar al 'n "amper-'n-Affie" op die waglys geplaas – en ons trek nou eers by Augustus!



Dr. Thinus Boshoff en sy vrou Reinette het hulle seuntjie, Ivan, op 12 Januarie verwelkom. By Thinus en Ivan op die foto is ouboet Reinhardt.



Me. Marilyn en mnr. Philip van Emmenis is hier op 'n kort staptoer met klein Amelia en baba Joshua, wat op 13 April gebore is.



Me. Laetitia de Lange en haar man Jurgens het op 17 April ouers geword. Hier is sy met klein Neil.



Me. Lize en mnr. Hanco Deale met hulle eersteling, Lia wat op 19 Februarie haar opwagting gemaak het.



Me. Marissa Smith en haar man Koos se dogtertjie, Esmari, is op 27 Maart gebore.



Me. Anneke Nagel en haar man, Louw, se Anja is op 29 April gebore. By hulle is kleinboet Luan.

Andru van Zyl

# *Drie debat-spanne* op pad na Goudini

Affies het vanjaar drie spanne wat in Goudini aan die ATKV-finaal gaan deelneem. 'n Volle sewe spanne het tot in die halfeindrondte gevorder.

Christiaan Burger en Wihan Koster het die senior afdeling in die semi-finaal gewen terwyl SE du Toit en Andru van Zyl tweede geëindig het. Die span van Christiaan Jacobs, Thomas Buys en Deon van Deventer het in die junior afdeling tweede geëindig.

Die seniors debatteer vanjaar oor die vraagstuk of die afskaling van gedrukte media geregverdig is al dan nie – wat baie ironies is, aangesien jy waarskynlik nou hierdie berig lees in die gedrukte *Stroom-op* wat jy in jou hande het.

Die juniors het weer 'n onderwerp waarin die bewyslas daarin lê of realiteitsprogramme die werklikheid weerspieël, al dan nie. Die naam Brendan Peyper is glo die een wat tydens die semifinaal by Helpmekaar báie gereeld gehoor is.

Bjorn Pendelbury

# ... en *twee redenaars* óók slaggereed vir finaal in Kaap

Talle Affie-redenaars het hulle stemme in Meimaand by die semi-finaal van die ATKV se tweede rondte dik gemaak. Chrispin Buloze (graad 10) sal die die skool in Augustus in die afdeling Afrikaans Addisionele Taal verteenwoordig terwyl Werner Victor (graad 11) sy man sal staan in die afdeling Afrikaans Huistaal.



Chrispin Buloze



Werner Victor

Christiaan Brits

# WAT HOU 'N *WITBUL* AAN DIE GANG?

Het jy al ooit gewonder hoe die Witbulle hulle magies vol hou? Hoe op aarde hulle so sterk en so vinnig kan bly? *Stroom-op* het by Ruben Groenewald (losskakel) en Deon Botes (vasskopstut en onderkaptein) gaan kers opsteek om uit te vind wat hulle geheim is. Die twee was gaaf genoeg om hul dieetplanne met *Stroom-op* te deel.













## RUBEN GROENEWALD (LOSSKAKEL EN KAPTEIN)




Foto: Jean le Roux

Ruben nuttig gewoonlik 'n baie "normale" ontbyt, met

- spek
- eiers en
- roosterbrood

In pouse kyk Ruben na sy kosblik met vier snye brood met grondboontjiebotter of ham en kaas daarop

- 'n ProNutro- of enige ander energiestafie
- 'n pakkie skyfies

Vir middagete maak dié Witbul 'n draai by 1920 vir

- die "ete van die dag"

Nadat hy tydens oefening 'n geraas op die rugbyveld gemaak het, bederf Ruben homself met

- PVM "Fusion" of "Fusion Mass", as 'n effektiewe maaltydvervanger.
- Gedurende die middag smul hy ook aan versnaperings soos biltong en skyfies

Wat aandete betref, eet Ruben gewoonlik:

- 'n lekker groot bord kos wat kan wissel van braaivleis tot gekookte kos
- een of twee glase melk vir ekstra proteïene voor hy gaan slaap

Ruben is duidelik iemand wat daarvan hou om sy dag te verbeter met kos wat hom flink kan hou, maar wat hom ook nie sal laat honger ly nie.

## DEON BOTES (VASKOPSTUT EN ONDERKAPTEIN)



Foto: Jean le Roux

Die belangrikste ete van die dag is beslis baie effektief om hierdie sterke derduiwel in die Witbul-voorry wakker te hou, want vir ontbyt lê hy weg aan

- vier eiers
- 'n bak Futurelife-pap

As aanvulling vir die ure tussen ontbyt en middagete, eet hy

- enige tipe vrug
- kasjoeneute

Deon, elke loskopstut se grootste nagmerrie, geniet gewoonlik 'n middagete wat skrik vir niks, met:

- rys
- vleis
- groente
- 'n proteïendrankie/aanvulling
- en twee piesangs

As aanvulling deur die dag, eet 'n hy iets soos 'n proteïenstafie.

Wanneer dit tyd is vir aandete, het Deon net één leuse – gaan groot of gaan huis toe, want op die spyskaart is daar gewoonlik

- hoender
- rys
- groente
- 'n proteïendrankie, as hy nie reeds vroeër die dag een gehad het nie.

Dit lyk of proteïene 'n groot deel van Deon se sukses op die rugbyveld is. Om die waarheid te sê, dit is só effektief dat hy daarmee vir hom 'n kontrak by die Haaie losgeslaan het! Soos Ox Nché, bekende Springbok en stut vir die Haaie sê het: "Salads don't win scrums"!



Ruben en Deon – twee verskillende manne met twee verskillende dieetplanne, maar wat aan dieselfde sportsoort deelneem en vir dieselfde span speel. Hierdie spelers weet hoe om, nie net 'n span nie, maar 'n hele skóól te inspireer. Hoeveel daarvan aan hulle dieetplanne te danke is, weet ons nie, maar as jý eet wat hulle eet, kan jý dalk die volgende Witbulkaptein of -onderkaptein word. As dié twee dit kan regkry, hoekom nie jy ook nie?



Op die wenfoto gee Ben Myburgh (agter) die stokkie aan vir Chris of (Christiaan Moller)

Callie Visagie

# Die *béste* foto van 'n somersportsoort is geneem deur ...

Nog 'n fotografiekompetisie is afgehandel en die wenfotograaf was hierdie keer Christiaan van der Westhuizen in graad 10, wat die laaste aflos-oorgee by Pilditch met sy kamera vasgevang het. Hy is nou die bevoorregte ou wat met 'n geskenkbewys van R100 in die hand na 1920 kan afsit. Die ander gelukkige wenner en Affie-man wat die uitslag reg voorspel het, is George van der Westhuyzen, ook in graad 10.

Mnre. Kenneth Holder en Billy Brown was die beoordelaars en *Stroom-op* wou by hulle weet watter kriteria hulle gebruik wanneer hulle die foto's bekyk.

"Ons kyk na kreatiwiteit, komposisie, die tegniese gehalte (soos beligting en fokus), asook die vermoë van die foto om 'n storie te vertel of 'n emosie oor te dra.

"Die wenfoto het vir ons uitgestaan omdat al hierdie elemente hier baie goed geïntegreer is. Dit het onmiddellik die aandag getrek, sterk visuele impak gehad en 'n unieke perspektief op die tema gebied, wat ons regtig beïndruk het."

James Roets

# *Hope kos en ander noodsaaklikhede tydens eerste* **GEE-WEEK** *ingesamel*

Affies se eerste GEE-WEEK vir 2025 was van 19 tot 30 Mei en die skool het die waentjie voor 1920 sommer gou met skenkings volgepak. Daar is by hierdie GEE-WEEK veral gefokus op nie-bederfbare kos voor die wintervakansie en ook op warm klere, skoene en beddegoed.

Die skenkings word versprei na Laerskool Generaal Nicolaas Smit, die Bramley Kinderhuis in Groenkloof en ook na Kairos, waar donasies sorgvuldig gesorteer en aan verskeie organisasies in Pretoria-Wes versprei word.

George Henderson

# *Matriekmanne bereik hoë hoogtes*



Philip van Eck, Aidan Murray, Josh Robertson, Francois Hartslief, Reynhardt van Staden, Alexander Murison (agter op die foto), George Henderson en Daniel Maritz (met die vlag voor) het die afgelope vakansie die Drakensberge in die koue trotseer en die hoogste bergpiek in Suid-Afrika, Mufadi, bereik.

Die agt Affies het op dag een by die Injasuthi-kamp weggespring en die 16 km via die bekende Heartbreak Hill aangedurf om by die Centenary-hut uit te kom. Op die tweede dag was die doelwit om die plato van die Drakensberge te bereik, wat 20 km se stap vereis het. Weens die besondere swaar sneeuval het die gidse bedenkinge daaroor gehad of die groep dié deel van die roete moes trotseer, maar daar is toe besluit om die uitdaging wél aan te pak. Op die derde dag was dié Affie-manne 3 460 m bo seespieël op die hoogste plek in Suid-Afrika.

Die uitdaging was egter nog nie verby nie, want hulle moes 26 km teen steil yswalle aflê om weer by die Centenary-hut uit te te kom.

Na dié ervaning was almal in die groep dit egter eens – dit was alles die moeite werd.

Heinrich Jordaan

# *LOPIES* SONDER EINDE!

## Jorich laat die kolf die praatwerk doen … en huidige Affie maak ook sý buiging

In 'n fenomenale kolfvertoning het junior Protea, aanvangskolwer en oud-Affie, Jorich van Schalkwyk (matriek 2024) 'n nuwe internasionale o.19-rekord aangeteken met 'n briljante 215 lopies van net 153 balle – die hoogste individuele telling nóg in 'n o.19 vyftigbeurtwedstryd.

Jorich (foto regs) het in sy beurt 19 viere en ses sesse teen 'n treftempo van 105.12 gemoker en hy is as speler van die wedstryd aangewys. Sy vorige rekord van 164 lopies wat net drie dae van tevore aangeteken is, is met dié beurt oortref. Verder het Jorich hierdie beurt die meeste lopies met grenshoue (112 lopies) in die geskiedenis vir die junior Proteas aangeteken. Die vorige rekord is in 2000 deur nóg 'n oud-Affie, Jacques Rudolph (matriek 1999) opgestel toe hy 156* teen Nepal aangeteken het.

Vihan Pretorius wat tans in graad 11 is, is ook in die SA O.19-span ingesluit – 'n reuseprestasie vir hom en vir Affie-krieket.



Foto: Facebook

Vihan Pretorius

Bjorn Pendelbury

# *RG* vereer deur mede-spelers



RG Snyman (matriek 2013) is na sy eerste seisoen by die Ierse rugbyklub Leinster in Junie as die United Rugby Championship se "Players' Player of the Season" aangewys. Die feit dat hy dikwels van die reserwebank af speel en dat die spelers self die persoon kies wat dié toekenning kry, maak dit 'n veral 'n groot eer. Hy was ook Leinster se Speler van die Jaar.

"RG is letterlik en figuurlik 'n reus in die lynstane. Hy is báie effektief by die afbreekpunte en speel 'n groot rol in die verdedigingsisteem. Hy is ongelooflik balvaardig en kan blitsvinnig by omstandighede aanpas. 'n Uitstaande kenmerk van sy spel is sy balverspeiding tydens kontaksituasies ("offload"). As gevolg van sy veelsydigheid en die feit dat sy teenstanders sy spoed en beweeglikheid onderskat, is sy teenwoordigheid oral op die veld sigbaar", sê mnr Sakkie van der Walt, een van die Witbulafrigters in RG se graad 11- en matriekjaar. "Sy veelsydigheid het dalk ook daarmee te doen dat hy, afgesien van rugby, ook op skool aan krieket, atletiek en waterpolo deelgeneem het," sê hy.


RG saam met Righardt Pretorius (links) en Lewellyn Barkly op die vierkant tydens sy laaste besoek aan die skool in 2023. Op die foto heel bo is hy saam met mnr. Sakkie van der Walt.

Alexander Coetzer Kristensen

# Christiaan maak naam as *komponis*


Foto: Instagram, Jedrie Harmse

Christiaan Willemse (matriek 2015 en oud-redaksielid van *Stroom-op*) is onlangs as wenner van die 2025 Ö1 Talentebörse Komposisieprys aangewys. Hy het hiermee prysgeld van €10 000 losgeslaan.

Dié talentvolle en musikale oud-Affie is besig met sy nagraadse studies aan die Mozarteum Universiteit in Zalzburg, Oostenryk. In 2024 is sy orkeswerk, Diversions, vir die eerste keer tydens die Ink Still Wet-werkswinkel opgevoer. As alles volgens plan verloop, sal sy nuwe werk in 2026 vir die eerste keer opgevoer word.

# Drie *krieket-spelers* kom kuier

Drie bekende oud-Affie-krieketspelers het einde April saam 'n koffietjie by 1920 geniet. Jacques Rudolph (1999) is tans as mentor by Affie-krieket betrokke, Ruan "Patches" de Swardt (2016) is lid van die Proteas en Neil Wagner (2004) was lid van die Black Caps.



# Oud-Affie Pierre Schoeman nou 'n *Leeu*


Heinrich Jordaan (redaksielid) en oud-Affie Pierre Schoeman

Pierre Schoeman met sy Leeu-trui. (Foto: Internet)

Pierre Schoeman het in Meimaand geskiedenis gemaak toe hy die eerste oud-Affie geword het wat vir die span van die Britse en Ierse Leeus gekies is. Die span het in Junie en Julie na Australië getoer waar hulle verskeie rugbyspanne die stryd aangesê het.

Dié trotse oud-Affie was einde Mei in Pretoria vir sy klubspan, Edinburgh, se kragmeting teen die Bulle Blou en het tydens die saalbyeenkoms op 30 Mei by sy alma mater kom inloer. Hy het die seuns met sy boodskap geïnspireer en het een van sy Skotse Rugbytrui aan die skool geskenk.

Pierre het daarna baie geduldig tyd afgestaan vir foto's saam met die menigte geesdriftige Affies.

# KORTLIKS

- **AB de Villiers** (2002) het einde Julie 'n opskudding veroorsaak tydens die Wêreldkampioenskapstoernooi van Legendes wat in Brittanje aangebied is. Hy het sy teenstanders ore aangesit deur honderdtalle te moker teen Indië, Engeland en Australië onderskeidelik.



- **Ruan "Patches" de Swardt** (2016) en **Schalk Engelbrecht** (2021) was albei deel van die SA A-krieketspan wat in April/Mei na Wes-Indië getoer het.
- **SA Engelbrecht** (2006) wat internasionale krieket vir Nederland gespeel het, is tot dié land se Krieketraad verkies.
- Krieketspeler **Dewald Brevis** (2021) is in April deur die Titans as die Eendagspeler van die Jaar aangewys. Hy is ook ingesluit in die Proteaspan wat in Julie 'n toetsreeks teen Zimbabwe gespeel het.
- **Dian Forrester** (2018) was op sy beurt die Knights se Mees Waardevolle Speler van die Jaar. Dian is ook ingesluit in die die SA Opkomende Manspan, wat in April en Mei na Bangladesj getoer het.
- **Ruben van Heerden** (2015) is ingesluit in die Barbarians-rugbyspan wat in Junie teen die Springbokke in Kaapstad uitgedraf het.
- **Willie du Plessis** (2008) het in Mei sy honderdste wedstryd in die trui van die Franse rugbyklub, Stade Montois, gespeel.
- **Juan Schoeman** (2022) is in die SA O.20 Hokkiespan wat einde Julie aan die IPT in Kaapstad deelgeneem het. Die span sal ook einde November aan die FIH Junior Wêreldbeker in Indië deelneem.
- **George Kusche** (2016) het vanjaar die Comrades vir die eerste keer aangepak en in die twaalfde plek geëndig met 'n tyd van 5:41:23.

# HISTORIESE *OORWINNING* TEEN MARITZBURG COLLEGE

Reuben Dreyer



Foto: Ruan Brummer

Johan Pieterse (kaptein) tydens die wedstryd teen Maritzburg College

Die Witstokke het tot dusver 'n uitstekende seisoen beleef.

Die span se mees onlangse oorwinning was tydens die interskool teen Maritzburg College, waar hulle die wedstryd 3-2 wen – die eerste keer in die geskiedenis dat Affies dié gedugte hokkieskool die loef kon afsteek. Ook die o.16A-span het goed gevaar en hul teenstanders 1-0 geklop. Die Affie-hokkiespanne wen uiteindelik sewe wedstryde teen Maritzburg, speel in vier gelykop en verloor ses. Affies teken in totaal 26 doele aan en Maritzburg 28.

Ook teen Menlopark het AHS baie goed gevaar. Die eerste span wen 4-1 en die ander spanne maak ook skoonskip. Affies teken 35 doele aan en staan slegs een af.

Afgesien van die Witstokke, verdien die o.14B-span veral ook vermelding. Met nog net twee wedstryde wat in die seisoen gespeel moet word het dié jongelinge tot dusver al hul wedstryde gewen.

# *Vyftien* van AHS in provinsiale hokkiespanne

Vyftien hokkiemanne is vanjaar vir Noord-Gauteng-spanne gekies. Hulle is Johan Pieterse en Wium van Niekerk (o.18A), Gawie de Kock en Rudolph Thiart (o.18B), Kean Cornelissen en Zéann Marais (o.16A), Michael-James Celliers, Zian Labuschagne en Ruahard Nienaber (o.16B), Elijah Young, Samuel de Villiers en Nielen Hartman (o.14A) en Jayden Marx, Gerber Barnard en Braden Koegelenberg (o.14B).


Twee van AHS se afrigters is óók by die provinsiale spanne betrokke – mnr. Jaco Smith as hoofafrigter van die o.16B's en mnr. Colin Mendoza as hulpafrigter by die o.18's.



# *Atlete* in SA-spanne

Heinrich Jordaan

Francois Boshoff (graad 11) en Dewald Bezuidenhout (graad 10) het SA-kleure in atletiek verwerf en was deel van die span wat die land van 4 tot 8 Julie in Windhoek, Namibië, by die COSAFU O.20 Jeugkampioenskap (AUSC-kampioenskap) verteenwoordig het. Dié twee het Affies én Suid-Afrika se naam hoog gehou met Francois wat 'n eerste plek in die 400 m-hekkies, 'n sesde plek in die 400 m en 'n derde plek in die 4x100 m-aflos behaal het. Dewald het ook nie op hom laat wag nie en was eerste in gewigstoot en derde in diskusgooi.



Francois Boshoff en Dewald Bezuidenhout met hulle medaljes.

Emil Els (graad 10) en Werner Gouws (graad 12) het op hulle beurt in Nigerië aan die O.18 en O.20 Afrika Kampioenskap deelgeneem. Emil behaal silwer medaljes in die 1 500 m en die 800 m. Werner het vierde in die 800 m geëindig en was tweede in die 4x400 m-aflos.



Emil Els en Werner Gouws

# *Christiaan* swem plek in SA-span oop

Christiaan Esterhuizen (graad 12) het in Junie sy SA-kleure in swem verwerf en het van 4 tot 13 Julie in Swakopmund aan die kampioenskap van die African Union Sports Council Kampioenskap deelgeneem. Hy presteer puik en wen goud in die 50 m-rugslag sowel as in die 4x100 m-gemengde wisselslagaflos en 4x100 m- wisselslagaflos vir mans. Hy wen ook silwer in die 100 m-rugslag, die 50 m-vlinderslag en die 100 m-vlinderslag. In die 200 m-rugslag wen hy 'n bronsmedalje.



# AFFIES MAAK DIE *REGTE SKUIWE*



Die skaakspelers het op 12 Mei by Curro Thatchfield aan Tshwane-Suid (D4) se finaal vir individuele skaakspelers deelgeneem. Die toernooi is oor vyf rondtes beslis en Michael Bain (o.15) het in sy ouderdomsgroep as die wenner uit die stryd getree (foto regs). Alexander Feuth was in dieselfde afdeling vyfde. In die afdeling vir o.18's was Altus van der Merwe vyfde en Ryan McPhail tiende.



Agt Affies het einde Julie tydens die interskool teen die skaakspelers van Maritzburg College kragte gemeet. Hulle wen na twee rondtes met 12-4. Die Affies op die foto bo is Alexander Feuth (voor), Xavier Bath en Luan van der Berg.

# KORTLIKS

- Die fietsryers vaar tans uitstekend in die Cycle Lab MTB-reeks. Nie minder nie as 52 Affies het reeds aan twee wedrenne in die reeks deelgeneem en is tans heel bo aan die punteleer. Luan Labuschagne (graad 8) is as Suid-Afrika se Enduro-kampioen van die jaar aangewys in die subjunior-kategorie. Nóg sewe Affies het ook provinsiale kleure gekry. Hulle is Wieko Strydom, Jaco du Bruyn, Leo Pienaar, Sebastiaan Brits, Daimon Batteson, Liam Barnard en Noah Odendaal.
- RH van der Merwe (graad 11) het die afgelope vakansie provinsiale kleure in kleiduifskiet verwerf.

VOOR-BLAD STORIE

Heinrich Jordaan

# *WITBULLE* BAAN DIE WEG VIR 'N SUKSESVOLLE 2025


Foto: iShootStories Powered by King Price Insurance

Van links op die foto is Albert Smit, Bauke Swart, Roal Kruger, Luan Potgieter en Ruben Groenewald (agter) tydens die wedstryd teen Paarl Gimnasium

Die Witbulle van 2025 het na sowat 13 wedstryde weereens beklemtoon waarom hulle as een van die land se toprugbyspanne gereken word. Met 'n merkwaardige wenpersentasie van 85% en net twee nederlae, bewys die Witbulle dat hulle 'n formidabele krag op die rugbyveld is.

Die seisoen is afgeskop deur 'n kragmeting teen Hoërskool Diamantveld, waar die Witbulle met 'n telling van 45-24 met die louere weggestap het. Daar was egter gemengde gevoel oor die NoordSuid Toernooi. Die Witbulle het die eerste wedstryd teen HTS Drostdy gemaklik met 61-17 beklink, maar moes die onderspit delf teen Paarl Boys' High (17-25). By die KES Easter Festival het die Witbulle 'n besonder suksesvolle toernooi beleef. Hulle het oortuigend teen Hoërskool Noordheuwel (45-27) en Selborne College (57-19) die oorhand gekry. Die o.16A-span het boonop met 'n telling van 50-0 teen Hoërskool Noordheuwel die oorhand gehad.

By die Wildeklawer Toernooi in Kimberley het die Witbulle hulle stempel duidelik afgedruk. In moeilike en nat omstandighede het hulle die finale sê teen Paul Roos Gimnasium (20-18) gehad. In die wedstryd teen Boland Landbou het hulle amok gemaak en gemaklik met 'n telling van 74-14 die botoon gevoer. In die eerste bepaling teen Paul Roos Gimnasium het die o.16A's hul wedstryd gewen met 'n telling van 25-24, terwyl die o.15A's (13-31) en o.14A's (14-17) die knie moes buig. In die bepaling teen Boland Landbou het al drie jonger spanne egter oortuigend gewen.

Die Witbulle het verder die botoon gevoer teen skole soos Helpmekaar Kollege (40-8), Hoërskool Garsfontein (41-25) en KES (65-19). In Bloemfontein moes die Witbulle die knie teen Grey buig, in 'n wedstryd wat enige kant toe kon gaan. Die eindtelling was 37-42. Die skool het in totaal 20 uit die 26 wedstryde gewen en in een gelykop gespeel. Die o.16A's het nie op hulle louere gerus nie en het hulle wedstryd met 41-35 gewen. Die o.14A's het ook hul stemme dik gemaak en het Grey Kollege met 'n telling van 26-8 kafgedraf. 'n Spesiale interskool wat Affie-harte vir lank nog sal onthou is die een teen Paarl Gimnasium. In 'n koue en nat Paarl het die Witbulle in die doodsnikke 'n drie gedruk om die wedstryd gelykop, 16-16, te laat eindig. Verder het die skool ook baie goeie uitslae opgelewer. In die 21 wedstryde wat op die dag gespeel is, het Affies 15 gewen en in een gelykop gespeel – 'n merkwaardige prestasie!

Nog n spesiale oomblik was die spanningsvolle wedstryd teen Jeppe Boys' High. Nadat die telling in die laaste sewe minute ses keer van kant gewissel het, het die Witbulle die finale sê gehad en die wedstryd met 'n telling van 38-36 beklink. Die eerste span eindig die tweede kwartaal onder die top vyf rugbyspanne in die land – 'n span wat werklik die Affie-vlag hoog laat wapper en wat vir lank sal onthou word.

Heinrich Jordaan

## *Affie-rugby presteer by nasionale weke*

Nie minder nie as 47 Affies is vanjaar gekies om die Blou Bulle by verskeie nasionale weke te verteenwoordig, terwyl Witbulbreier, mnr. Niëll Jacobs as hoofafrigter van die O.18 Cravenweekspan aangewys is.

Witbulskakelpaar, Zirk Meyer (skrumskakel) en Ruben Groenewald (losskakel), is vir die SA Skolespan gekies, terwyl Elwin Jansen van Vuuren (flank) en Stefan McDonald (agsteman) vir die SA Skole "A" Span uitgedraf het.

Ander Affies wat die Blou Bulle by die Cravenweek verteenwoordig het, was Bauke Swart (haker), Christiaan de Wet (slot), Luan Potgieter (flank), Roal Kruger (stut), Deon Botes (stut) en Lamond Baaitjies (heelagter).

Heinrich Jordaan

## *Storm du Toit* wen interne gholf-kampioenskap



Storm du Toit het op 26 Mei as wenner van die A-afdeling van Affies se interne gholfkampioenskap uit die stryd getree met 'n telling van 4 onder baansyfer.

'n Volle 68 spelers het by Wingate-buiteklub aan dié kampioenskap deelgeneem. In die A-afdeling is 'n houespel-formaat gevolg en in die B- sowel as die C-afdeling die Stableford-formaat. Die wenner in die B-afdeling was Juvan Visagie met 'n telling van 36 punte en in die C-afdeling het Joe Niehaus met 'n telling van 39 punte koning gekraai.

Storm het van 21 tot 23 Julie aan die Nedbank Junior Gholfkampioenskap by Sun City deelgeneem waar hy agtste uit 77 geëindig het.

Zachary Booanzaaier

## *Passie* in elke swaai



Wihan Snyders in 'n wedstryd teen Maritzburg College

Affies se rakette het verlede kwartaal die praatwerk gedoen. Die kuiertjie in Bloemfontein was beslis een om te onthou. Affies het wel nie al die wedstryde gewen nie, maar het tot die einde gespeel, iets wat sinoniem is met enige Affie-span – wen of verloor.

By Affies is fiksheid die taal wat almal verenig, selfs op die tennisbaan. Die aanstelling van 'n nuwe afrigter, mnr. Wickus Myburgh, het dit verseker. "Hy glo beslis in fiksheid, so ons hardloop by elke oefening. Wanneer jy aan die verloorkant by die oefening is, hardloop jy nóg meer", sê CF McCrate (graad 12) in 'n onderhoud met *Stroom-op*.

Vir CF en verskeie ander Affies sal die herinneringe op die sportveld, die verhoog en selfs op die stoepe nooit in woorde omgesit kan word nie. Dit kan slegs gevoel word.

Affies se eerste tennisspan het Hoërskool Garsfontein se eerstes vroeg in Junie met 7-0 geklop.